Noordelike Sinode

BOODSKAP VAN DIE MODERATOR

AAN AL DIE GEMEENTES EN PREDIKANTE

14 Mei 2020

Beste Kollega

Vandag is die nege-en-veertigste dag van inperking. Alles het verander sedert die President die staat van inperking aan die einde van Maart 2020 ingestel het. Intussen het ons twee stroomversnellings beleef in hierdie tyd: die eerste was die aankondiging dat die grendelperiode verleng word tot einde April; en die tweede stroomversnelling het gekom toe daar aangekondig is dat ons beweeg van ’n vlak-5 inperking na die huidige vlak-4 inperking. Met die twee stroomversnellings was daar baie onsekerhede en moes daar bepaalde aanpassings in elkeen van ons se lewe gemaak word. Na die President se aankondiging gisteraand nader ons die volgende stroomversnelling wanneer die land op 31 Mei 2020 beweeg na die vlak-3 inperking. In die afgelope tyd het baie dinge verander, en tog het sekere omstandighede nie regtig verander nie.

Een van die gevolge van al hierdie aanpassings en verandering wat ek by menige kollegas en ook lidmate hoor, is die onsekerheid. En hierdie onsekerheid manifesteer in feitlik elke sweer van menswees – die onsekerheid oor die toekoms in die algemeen; onsekerheid oor ons eie gesondheid en die kapasiteit van ons gesondheidsorg; ekonomiese stabiliteit, groei en die toenemende werkloosheid; ons jongmense, veral die matrikulante en wat oor is van die res van hierdie skooljaar.

Gerugte doen die rondte van ’n groeiende getal honger en daklose mense; die uitdaging wat gepaard gaan met die voorsiening en uitdeel van kospakkies en versorging van ouer mense; weerloses; siekes en eensames. Midde in hierdie pandemie en die gevolge daarvan, staan die Kerk – en dan in die besonder ons Kerk en kollegas in die Noordelike Sinode.

Wat vir my verblydend is van my kontak met enkele gemeentes en kollegas, is dat die Kerk juis in hierdie tyd op vele plekke en op allerlei maniere ’n verskil maak en ’n bydrae lewer om mense in nood en onsekerheid by te staan. Ek het bewus geraak van die kreatiwiteit van die kollegas wat op verskillende platforms steeds die *Goeie Nuus* na mense bring. My waarneming is dat daar ’n positiewe skuif gekom het: waar die klem op gemeente geval het, skuif dit nou na gemeenskap. Selfs met die sosiale media en verskillende platforms hoor ek dat die boodskappe en oordenkings van kollegas nou selfs meer mense in die gemeente en gemeenskap bereik as die vorige meer tradisionele wyse van eredienste hou.

Daar word ook wonderlike verhale vertel van uitreik en omgee deur ons gemeentes. Gemeentes wat op hulle eie, verskeie kere saam met buur- en ringsgemeentes hande vat om nood te verlig en te help. Plek-plek ontdek ons ook die waarde van die groter Kerk waar daar hande gevat word met van ons ekumeniese vennote.

As ek oor die sake nadink, besef ek dat dit net kan gebeur omdat daar op elke vierkante sentimeter van die totale Noordelike Sinodale gebied ’n NG Gemeente is wat leiding neem in versorging en omgee. En dit kan nie gebeur as daar nie toegewyde leraars is wat voorloop en leiding gee nie. Verder besef ek dat leraars se hande ook net sterk gemaak word deur kerkrade, lidmate en besighede met die regte ingesteldheid en gesindhede.

’n Veer in die hoed van elke leraar en gemeente wat in dié tyd van geweldige uitdagings, steeds hul roeping voluit geleef en gedoen het!

Vir ons lê daar waarskynlik nog ’n geruime tyd voor van groot onsekerhede en aanpassings. My gebed is dat ons net soos Oud-Israel ook agtertoe die toekoms sal inkyk. Die afgelope 49 dae het God voorsien en gesorg – mag ons ook so vertrou dat in die dae wat voorlê, God ook sal sorg!

’n Laaste gedagte: Iemand het eendag die beeld gebruik van die ou bekende Afrikaanse liedjie *“Ou Ryperd*”. Toe dit die eerste keer opgeneem is, is dit versprei om die ou harde langspeelplate; later is dit opgeneem op kassette, CD’s en MP3. Vandag hoor ons dit op YouTube. Die verpakking het verander, maar die boodskap het dieselfde gebly: “*Ou Ryperd”.*

Wanneer ek vandag na kollegas se kreatiwiteit en vermoëns kyk, besef ek hoe die verpakking van kerk die afgelope klompie dae verander het, MAAR die boodskap bly dieselfde:

35 Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?
36 Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word."
37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.
38 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte
39 of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

(Romeine 8)

Groetnis (vanuit grense van die Pastorie)

Dewyk

Noordelike Sinode

BRING HOOP – MAAK ‘n VERSKIL